



Oosies

NUUSBRIEF

2026

WERK EN OORWIN

Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

25/2026

30 Julie 2026

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers en Voogde

Ons skool bruis van bedrywighede en dit is wonderlik om die betrokkenheid van ons leerders op akademiese, sport- en kultuurgebied te beleef.

Die rekordeksamenrooster is aan ons matrikulante uitgedeel. Ons doen 'n ernstige beroep op elke matrikulant om nou reeds met deeglike voorbereiding te begin. Sukses word nie oornag behaal nie, maar is die resultaat van goeie beplanning, harde werk en deursettingsvermoë. Die toetsrooster is ook aan die res van die skool beskikbaar gestel. Ons moedig alle leerders aan om hul tyd verstandig te bestuur, vroegtydig te begin leer en goed voorbereid vir elke assessering aan te meld.

'n Opregte woord van dank aan al ons ouers wat tyd afgestaan het om ons oueraand by te woon. Ons besef dat ouers se tyd kosbaar is en waardeer elke ouer se teenwoordigheid en betrokkenheid opreg.

Op sportgebied is daar verskeie sportsoorte wat tans in volle swang is. Ons wens al ons sportspanne en individuele deelnemers baie sterkte toe met hul onderskeie wedstryde en kompetisies. Mag elke leerder die geleentheid geniet en Hoërskool Oos-Moot met trots verteenwoordig. Ons is ook die gasheer van die Noordvaal Hokkietoernooi, wat vanaf Donderdag 30 Julie tot Sondag 2 Augustus op ons Astrobaan aangebied word. Wedstryde vind daaglik plaas vanaf 07:00 tot 20:00. Ons nooi ouers, oudleerders en ondersteuners hartlik uit om die spanne te kom ondersteun. Neem asseblief kennis dat toegang tot die toernooi slegs deur die Hertogstraat-hek verkry sal word.

Ons kultuurprogram skop hierdie kwartaal ook behoorlik af met verskeie optredes en geleenthede. Aan elke leerder wat gaan deelneem, wens ons alle sterkte toe. Geniet elke oomblik en gee altyd julle beste.

Ons is besonder opgewonde oor 'n nuwe inisiatief wat vanjaar die lig sien, naamlik ons Kultuurweek, wat op 18 en 19 Augustus aangebied word. Hierdie geleentheid bied aan ons leerders die ideale platform om hul talente ten toon te stel. Ons nooi al ons ouers en ondersteuners uit om die verrigtinge by te woon en ons jong kunstenaars te kom ondersteun.

Ons sien uit om die OOSIE ACTIVE aan die skoolgemeenskap bekend te stel. Dit is 'n nuwe inisiatief wat daarop gemik is om elke leerder aktief en betrokke te kry, ongeag hul sportvaardigheid of ervaring. Hou die kommunikasiekanaal dop vir meer inligting.

Ten slotte wil ek graag 'n opregte woord van dank rig aan al ons ouers, sowel as die Oosie-Bond (sien aanhangsel), vir hul ongelooflike harde werk, toewyding en opoffering met die aanbidding van die Graad 11 Tiara Bal. Julle ondersteuning, tyd en betrokkenheid het daartoe bygedra dat die aand 'n besondere sukses was. Baie dankie vir alles wat julle vir ons skool en ons leerders doen – dit word opreg waardeer.

Mag die res van die kwartaal vir elke leerder, ouer en personeellid voorspoedig verloop. Sterkte met alles wat voorlê, en mag ons saam voortbou op die trots en gees wat Hoërskool Oos-Moot so besonders maak.

Vriendelike groete

Me S Theron

HOOF

ALGEMEEN

Belangrike datums en kontakbesonderhede

31 Julie	- Orkes Winterkonsert - Burgerdag - All Stars Kaleidoscope
1 Aug.	Sagtebal <i>Slow Pitch</i> -dag
3 Aug.	- Gr.9 Vaknligtingsaand - Toetsreeks begin
5 Aug.	Gr8's 2027 - Aanlyn registrasieproses open
6 Aug.	ATKV-Talentaand
10 Aug.	Publieke vakansiedag (VROUEDAG)
13 Aug.	Fotodag 3
14 Aug.	Kunsuitstalling
18-20 Aug.	Kultuurweek
20 Aug.	Gr.12 Rekordeksamen begin
21 Aug.	Donkey Derby (Hokkie/Sagtebal/Krieket)
26-28 Aug.	Gr.10 Veldskool
28-30 Aug.	2026/2027 Matriekraadkamp
4 Sept.	- Lentedag (gewone klere) - Gr8's 2027 aanlyn registrasie sluit
5 Sept.	Netbal Legendsdag
23 Sept.	Skool sluit
26 Sept.	Moot Film-bekendstelling (by Oos-Moot)

Gr8's 2027: Aanlyn registrasies

Die aanlyn registrasies vir 2027 open en sluit soos volg:

Open : 5 Augustus 2026

Sluit : 4 September 2026

Besoek die skool se [webwerf](#) vir die volledige inligting.

Stap 1 : Registreer aanlyn op die GDO se aanlynplatform.

Stap 2 : Registreer u kind elektronies by H/S Oos-Moot.

Voorkoms: Matriekafskeidgeleenthede

Graad 12-dogters

Slegs graad 12-dogters ontvang die vergunning dat voorkomsinspeksies ten opsigte van hare en naels vanaf **21 September** tydelik opgeskort word met die oog op die matriekafskeid.

Ná die Oktober-vakansie moet hul hare en naels weer volledig aan die skool se voorkoms- en kleredragreëls voldoen.

Graad 8- tot 11-dogters

Graad 8- tot 11-dogters wat na 'n matriekafskeid genooi word, ontvang **geen uitsondering** om hul hare te kleur of hul naels te laat doen nie. Hul voorkoms moet elke skooldag, ook gedurende die matriekafskeidtydperk, ten volle aan die skoolreëls voldoen.

Markdag word Burgerdag

Ons tradisionele markdag kry hierdie kwartaal 'n heerlike nuwe baadjie! Ons bied vir die eerste keer Burgerdag aan.

Datum : 31 Julie
Tyd : Pouse

Leerders kan uitsien na 'n heerlike keuse en word herinner om asseblief kontant saam te bring om ons graad 8 Gasvryheidsleerders te ondersteun. Kom honger en geniet Burgerdag saam met ons!

AKADEMIE

Eksamen- en toetsroosters – Kwartaal 3

Die volgende toets- en eksamenroosters is aan leerders uitgegee en op die skool se [webwerf](#) beskikbaar:

- Kwartaal 3 toetsrooster
- Graad 12 Rekordeksamenrooster (20 Augustus tot 18 September).

Graad 12 – Verpligte Akademiese uur

Die kwartaallikse verpligte akademiese uur vir ons graad 12-leerders, vir hierdie kwartaal, is vanaf 14:10 tot 15:00 en soos volg geskeduleer.

Gedurende hierdie tydperk sal daar geen ander buitemuurse aktiwiteite vir die matrikulante wees voordat die ekstra skooluur om 15:00 afgehandel is nie.

Datum	Sleutel
3 Augustus	K4
4 Augustus	K5
6 Augustus	K6
Belangrik: Vanaf 21 Julie tot 19 September sal daar ook elke Woensdag , per vak, verpligte akademiese uur wees.	

Toets en Eksamenhulp

Gereelde oefening met vorige vraestelle is 'n uitstekende manier om kennis te hersien, vaardighede te ontwikkel en vir toetse en eksamens voor te berei.

Leerders kan vorige vraestelle aflaai, selfstandig deurwerk en daarna hul antwoorde met die memorandums nagaan.

Nuttige skakels en wenke vir ekstra oefening:

- [Testpapers \(Gr.8 tot 12\)](#): verskillende vakke
- [Departement van Basiese Onderwys](#): – Vorige eksamenvraestelle
- [Siyavula](#): – Wiskunde Graad 8 tot 12 met onmiddellike terugvoer en volledige oplossings.
- Vir sekere vakke is **vorige vraestelle van ons eie skool op Google Classroom gelaai**. Leerders kan hul betrokke vak se Google Classroom besoek om te sien watter vraestelle en ander oefenmateriaal beskikbaar is.
- Gebruik Kunsmatige Intelligensie (KI) as ekstra studiehulp. Laai 'n vorige toets of vraestel op by ChatGPT en vra 'n nuwe oefenvraestel met soortgelyke vrae en dieselfde temas. Ekstra oefenvrae, verduideliking en memorandums kan ook op KI gegenereer word.

Nuttige hulpbronne – Maths4 Africa boeke

Ons beveel graag die Maths 4 Africa boeke aan. Die **Wiskunde-studiegids en eksamen-oefenboeke** is aanlyn beskikbaar en u ontvang **gratis aflewering by die skool**. Plaas nou u bestelling!

Bestelperiode: 24 Julie tot 9 Augustus 2026

Bestel aanlyn by: www.maths4africa.co.za

SOSIAAL**Matriekafskied 2026**

Die sluitingsdatum vir die betalings is 31 Julie 2026. Volledige inligting is in die [skrywe](#) vervat.

SPORT**Bepalings, oefentye, programme en uitslae**

Hierdie inligting word, soos ontvang, op die skool se kommunikasiekanale (by die onderskeie sportsoorte geplaas)

NETBAL**Fast 5 proewe**

Alle dogters is welkom om deel te neem aan die proewe.

Datum : 30 Julie
Tyd : 14:30 tot 15:30
Plek : Oos-Moot sportgronde

Registreer by die volgende [skakel](#).

ROLBAL**Oefentye**

Vrydae : 14:00 – 16:00
Plek : Villieria Rolbalbane
Vervoer : Leerders gebruik eie vervoer na en van oefeninge

Skoolbussie word voorsien vir vervoer na wedstryde

Bepalings

Datum	Plek	Spanne
31 Julie	Wingate	OM1 vs Montana 1
7 Augustus	PHSOB	OM1 vs Barbarians 1
14 Augustus	Colbyn	OM1 vs Waterkloof 1
21 Augustus		OM1 vs Barbarians 2
28 Augustus	Villieria	OM1 vs Waterkloof 2
30 Augustus	Wingate	OM1 vs Sonitas 1

SAGTEBAL**Slow Pitch**

Skryf nou in vir die *Slow Pitch*! Bring jou familie, vriende of kollegas en skryf in as 'n span. Of jul ervare spelers is of net vir die pret wil deelneem.

Datum : 1 Augustus
Tyd : 08:00

Koste : R1000 per span (maksimum 10 spelers).

Registreer NOU [hier](#).

Kontakpersoon: Me T Ferreira (sagtebal@oos-moot.co.za)

KULTUUR**OOSIE-ENGELE**

Oosie-Engel Boks-insameling

Volgende kwartaal begin Oosie-Engel met 'n spesiale boks-insameling vir ons mindergegoede seuns en dogters in ons skool en gemeenskap.

Ons nooi almal uit om betrokke te raak deur 'n boksie met noodsaaklike items saam te stel – vir meisies en/of seuns.



Meisies se boksies kan items soos gesigwas, deodorant, lyfroom, sanitêre produkte, lyfseep, spuitgoed, tandeborsel, tandepasta, skeermes, haarrekkies, 'n haarborsel, kam en selfs 'n lekker sjokolade bevat.

Seuns se boksies kan items insluit soos deodorant, lyfroom, lyfseep, gesigwas, spuitgoed, tandeborsel, tandepasta, skeermes, seep, sjampoe, 'n kam en 'n klein bederfie soos sjokolade.

Elke boksie gaan nie net praktiese hulp bied nie, maar ook wys dat iemand omgee.

Skenkings kan voor of op 31 Julie by K18 ingehandig word.

ORKES**Winterkonsert**

Ons nooi almal na die Orkes se Winterkonsert.

Datum : 31 Julie
Tyd : 18:00 tot 18:30
Plek : Skoolsaal
Kaartjies : R50 (skoliere)
R80 (volwassenes)

Kaartjies beskikbaar by [die BLOU rak](#).

KULTUURWEEK

Ons is besonder opgewonde oor 'n nuwe inisiatief wat vanjaar die lig sien, naamlik ons Kultuurweek in Augustus aangebied word.

Program – 18 Augustus

Vertoning : Tienertoneel
Tyd : 14:30 vir 15:00
Plek : Skoolsaal
Koste : R50 per persoon

Program – 19 Augustus

Vertoning	:	Koor, All Stars, Rasieleiers, Orkes en Idols wenners
Tyd	:	17:30 vir 18:00
Plek	:	Skoolsaal
Koste	:	R100 per persoon

Kaartjieverkope

Kaartjies nou reeds by [die Blou rak](#) te koop.

Bewys van betaling dien as toegang.

RASIELEIERS

Kompetisie	:	IFAA Trials and Semi-finals
Datum	:	7 Augustus
Plek	:	Sal bevestig word.

SPELBYE

Dit is die Spelbye se eerste kompetisie van die jaar aangebied deur Akademia.

Datum	:	3 Augustus
-------	---	------------

Ons wens die Spelbye alle sterkte toe en vertrou dat hulle hulself met trots sal verteenwoordig.

TIENERTONEEL

Na groot afwagting sien ons uit na verskeie optredes van ons Tienertoneelgroep:

Datum	Plek	Tyd
5 Aug.	Allegretto (H/S Eldoraigue)	15:30
17 Aug.	ATKV (UNISA Kleinteater)	12:00
18 Aug.	Op die Planke (Kultuurweek)	14:30
20 Aug.	Pronk Podium (H/S Wilgers)	16:30

KOOR

Ons koor begin hul optredes vir die jaar:

Datum	Geleentheid
31 Julie	Oos-Moot Orkes Winterkonsert
15 Augustus	Conwonnité Koorfees
18/19 Augustus	Oos-Moot Kultuurweek
27 Augustus	Noordekruin Kunstefees
2 September	Afrikaanse Kunsvereniging

BUITEPRESTASIES**SPORT**

Erkenning van buite-skool prestasies (prestasies buite skoolverband). 'n Nuwe skakel vir die aanmeld van die buiteprestasies word binne die volgende week beskikbaar gestel. Hou ons media dop,.

PROJEKTE**PVM PRODUKTE**

PVM-produkte nou by Oos-Moot beskikbaar!

Bestellings

- Voltooi die [bestelvorm](#).
- Stuur die voltooide vorm en navrae per e-pos na: pieterses@oos-moot.co.za

Aflewering

- Aflewering vind plaas in die week ná die sluitingsdatum van elke bestelling.
- U sal 'n e-pos ontvang met die dag en tyd waarop u, u bestelling by die skool kan kom afhaal.

PASTEIE

Bestel die heerlikste pasteie. Besoek [die BLOU rak](#) om te bestel en te betaal.

NUUSBRIEFADVERTENSIES

Adverteer in ons skool se nuusbrief. Koste en volledige inligting by die [skakel](#) beskikbaar.

Waverley

Wiskunde & Wetenskap



Sentrum

Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.

- Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
- Rekeningkunde graad 8 tot 12.
- Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
- Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
- **Career Direct:** Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding

Aanvullende onderrig + Beroeps

- & Vakkeuse toetsing

Marina Stander - 083 259 8913



FEES
— VAN —
WYNKOPERS

31 JULIE 2026
18:30 VIR 19:00

NG KERK, WAVERLEY-OOS
R200 PER PERSOON

KONTAK SUE-MARIE
082 447 2813 / 067 269 4447



DELTA VOORTREKKERS

VOORI'WYN₄

1 AUGUSTUS 2026
15:00
DEJA-VU (RIETONDALE)

R 180 P/P

KOOP JOU KAARTJIE
VANDAG / BUY YOUR
TICKET TODAY

18+  **COMPUTICKET**
iTickets

DIE OOSIEBond

Terugvoer

Die doel van die Oosie-Bond projekte en inisiatiewe is om die welstand van leerders te bevorder, die skoolomgewing te verbeter en die skool se opvoedkundige doelwitte te ondersteun. Oor die afgelope ses maande het die Oosie-Bond daarna gestreef om projekte te loods wat 'n breë spektrum effek op 'n verskeidenheid gebiede sal hê.

Projekte Uitgevoer

1. Oorig van 'n nuwe sportpawiljoen wat vir toeskouers die geleentheid gee om sport te ondersteun in 'n gemaklike en veilige omgewing. Om by die pawiljoen aan te sluit is die ondersteunershoekie ook geskep wat die geleentheid gee vir borge om deel te wees van ons sportgeleenthede.
2. Oor die laaste 3 jaar het die sport by Oos-Moot drasties verbeter met behulp van beurse en finansiële ondersteuning op verskillende vlakke en gebiede. Die Rugby spog hierdie jaar met menige provinsiale spelers waarvan die meerderheid se provinsiale toere met trots deur die Oosie-Bond geborg is.
3. Die Oosie-Bond ondersteun nie net die beursleerders nie, maar ook sportleerders met onder andere tekkies, skoolskoene, skooldrag, fietse, skryfbehoeftes, kos, fondsinsamelings vir toere, mediese uitgawes, doktersafsprake en fisioterapeutbehandelings.
4. Verbetering van die skoolterrein deur skoonmaak- en verfraaiingsprojekte. Hoërskool Oos-Moot streef na uitnemendheid en dit kan slegs gebeur as alle rolspelers in en om die gemeenskap hande vat en 'n verskil maak. Oor die laaste ses maande het die Oosie-Bond soveel meer gedoen om 'n omgewing te skep waarop almal kan trots wees:
 - Instandhouding en "Cladding" van die Oosie-Bond verhoog .
 - Vernuwing van die voorportaal.
 - Die nuwe teetuin projek skep 'n spasie vir leerders om te ontspan.
5. Die gimnasium word ook deurlopend deur die Oosie-Bond opgegradeer en onderhou. Een een van die oud-Oosie pappa's het ook bygedra en van sy vorige toerusting aan die skool geskenk.
6. Die Oosie-Bond spog met ses splinternuwe gazebo's wat by skoolgeleenthede gebruik kan word, om gemak vir almal te verseker.
7. Die stoeiklubgebou op die skool se terrein is vroeër die jaar aan die jarelange Reitz stoeiklub oorhandig en word reeds met trots deur hulle gebruik.

DIE OOSIE Bond

Die volgende fondsinsamelings is suksesvol aangebied:

- Rugby-Legends het in Maart 2026 plaasgevind en was 'n groot sukses gewees.
- Die Netbal-Legends vind plaas in September 2026 en word die 3de agtereenvolgende jaar aangebied deur die Oosie-Bond.
- 'n Nuwe fondsinsameling wat in Oktober 2026 plaasvind sal die Krieket-Legends wees.

Die fondse wat ingesamel is, is aangewend om verskeie projekte en behoeftes van die skool te finansier.

Dankie vir u volgehoue ondersteuning, samewerking en geloof in ons visie. Ons sien uit daarna om hierdie waardevolle vennootskap voort te sit en saam nog vele suksesvolle projekte in die toekoms te verwesenlik.

Die Oosie-Bond het oor die jare talle vennootskappe met plaaslike besighede, borge en vrywilligers gevorm om Oos-Moot se nalatenskap te bevorder. **Jy kan ook deel wees van die Oosie-Bond, jy kan ook 'n verskil maak, op die gebied wat vir jou saakmaak.**

Sluit aan by ons:

- WhatsApp Ondersteunersgroep
<https://chat.whatsapp.com/I68IETvnQg620ZOrTlb6fc?mode=wwt>
- Volg ons op Sosiale Media:
 - Facebook <https://www.facebook.com/share/19VS1Sgdh2/>
 - Instagram https://www.instagram.com/oosie_bond?igsh=eGpsb3Y5c2lkZng3
- Kontak ons Oosie admin-span op 082 331 7338

Moot-tot-die-dood!